


**24 Junie 2026**

Geagte Ouer / Voog en gemeenskap

**Akademie:**
Ons is dankbaar om te kan sê ons skedules is afgeteken en punte is verwerk. Ons neem kennis dat die Staat se sisteem tans nie 100% funksionerend is nie. Ons wens sterkte toe aan elke skool wat worstel met die probleem. Ons poog om rapporte aan leerders te besorg 09.30 komende Vrydag en die met afspraak daarna. Afwesige leerders ontvang met opening van kwartaal 3 die 21ste Julie 2026 hul rapporte.

**Finansies:**
Ons vra dringend u hulp met skoolfonds en veral agterstallige skoolfonds en uitstaande rekeninge. Ons wil nie die proses gebruik van rapport afhaal by finansies of beheerliggaam nie, maar dit raak `n ernstige uitdaging met persone wat geen reëling het nie en nie betaal nie. Ek doen `n ernstige en dringende beroep op u om ons asseblief te help.

**Sport:**
Ons beste wense vergesel elke leerder wat ons skool die vakansie verteenwoordig, provinsiaal, nasionaal of met toere. Mag God jul beskerm op die pad en by toernooie. Ons weet julle is opgewonde om te leer en om talente te gaan wys. Ons is so trots op elkeen en die besondere uitslae van kwartaal 2.

**Kultuur:**
Ons juniorkoor treë vandag op en ons waardeer jul tyd en dat julle ook die geleentheid benut. Mag julle ook van krag tot krag gaan. Redenaars Afrikaans se uitslae sal ons binnekort soos ontvang bekend maak. Debat en Engelse redenaars oefen en ons interne redenaarsdag was baie positief bygewoon en benut deur sprekers.

**Kursus:**
Dankie aan ons personeel wat die 3-dag kursus van SOS Skole Ondersteuningsnetwerk bywoon en verryk terugkeer. Ons waardeer jul tyd gegee vir ons fenominale skool.

**Opsomming:**

Hierdie was voorwaar `n baie besige kwartaal met ongelooflike uitdagings. Ek en elkeen van ons dank God dat Hy ons staande gehou het met die nodige om ons skool en gemeenskap te kan dien. Dankie aan elkeen van u wat my as hoof, ons bestuur, personeel en beheerliggaam in gebed en op hande dra in hierdie tye van druk. Geluk met besondere prestasies behaal en suksesse met hulp van borge, afrigters en ouers. Mag ons die volgende kwartaal ingaan met `n hart van vergifnis, deurnis en ondersteuning.

Op onlangse kursus het ons besef daar is ondersteuning vir ons Christelik, Afrikaanse skole en alleen kan ons nie die geveg wen nie, maar met vergifnis, ondersteuning en gebed kan ons hande vat en ons skool staande hou vir ons kinders se onderrig in hul moedertaal.

God seën Afrika, God seën Suid-Afrika en God seën ons skool en gemeenskap!!!

Hoof
C Blignaut





